

24 Augustus

Jona 1:1-9

'n Vlugtelingprofeet word voorgekeer

Waarom was Jona so ongehoorsaam? Dalk het Jona teruggedeins vir die vreemdheid van sy opdrag, want dit was nie normaal om 'n profeet na 'n heidense land te stuur nie. Dalk het Jona weggekram van die hele boodskap wat hy aan Nineve moes bring. En nou moet hy die Here se waarskuwing aan die heidene gaan oordra. God behoort hulle eerder te straf en nie aan hulle genade bewys nie. Om die heidene te waarsku het met Jona se idees en logika gebots.

Dit is God wat geduldig is. Hy laat dit toe dat Jona vlug, maar met 'n kwaai storm bring Hy ingrypende verandering in Jona se planne. Met die storm is dit God wat sorg dat sy wil deurgevoer word en keer Hy sy vlugtelingprofeet voor. In sy vrymag gebruik die Here ook die kaptein en die matrose as instrumente om Jona in sy gewete aan te spreek. Deur die kaptein word Jona se aandag weer op God gevestig. En wanneer die matrose lootjies trek om die skuldige aan te wys, is dit nie toe- vallig dat Jona aangewys word nie. Daardeur skud die Here ook Jona in sy ongehoorsaamheid wakker. Hoe hartseer! God stuur Jona om die heidene van God te vertel en nou met 'n heiden Jona na sy God toe terugbring.

Jona moes aan die begin gedink het dat sy wegvlug van die Here af slaag. Alles het so voorspoedig verloop. Dit het gelyk asof hy as sondaar slaag en dat niemand hom uitvang nie. Maar 'n mens kan sy sonde nooit wegsteek nie. Jou sonde sal jou inhaal (vergelyk Num 32). Dit het ook met Jona gebeur.

Sing Psalm 25:4

Dr. S J. van der Walt (Cachet)